AMOS NEW STRUCTURE

STRATEGIC

AMOS MINISTRY LEADERSHIP TEAM

"APOSTOLIC TEAM" (Final Authority)
DIRECTORS (Section 21 Company)



RESTORE RELATIONS

MANAGEMENT COMMITTEE

Tactics
Materials
Tools / Templates
Frameworks

TACTIC

AMOS TRAVELLING MINISTRY TEAM

"APOSTOLIC APPROACH"

TRAINING FUNCTIONS - Focus Ministry Areas
- Serve Local Teams
- Serve Local Farmers

Strategic Partners

Specialist Fields

TRAINING

RELATIONSHIP BUILDING

VISION IMPLEMENTATION PLAN

RELATIONSHIP BUILDING

OPERATIONAL

AMOS LOCAL MINISTRY TEAMS

"SETTLE IN RESPONSIBLE LOCAL AREA"

Projects	Subsistence	Emerging / Small Scale	Commercial
PO IV Management Project Base	PO III Agreement / Commitment Local Congregation / Church	PO II Agreement / Commitment Local Congregation / Church	PO I Agreement / Commitment Local Congregation / Church

DEMONSTRATE

Discipleship Approach

DIE AMOS VISIE IMPLEMENTERINGS PLAN

1. INLEIDING

Ongeveer twee jaar gelede het ***AMOS*** Direksie begin fokus om die Here se stem te hoor en vergadering na vergadering gehou om ’n nuwe bedieningsplan op die tafel te kry. Uiteindelik het ons in Maart verlede jaar duidelik gehoor wat om te doen.

Die kern van die Here se opdrag was om op te hou om bediening in ’n wêreldse struktuur te probeer indwing en eerder die leierskapstruktuur van ***AMOS*** na die Bybelse model van ’n Apostoliese span te verander (1 Kor 12:28; Ef 2:20; Ef 4:11-13). Nou, na amper twee jaar, is ons baie opgewonde dat al die geswoeg en gesweet vrug begin lewer en uitloop op ‘n baie sinvolle implementering van die visie, naamlik die **demonstrasie** van *Leef en Boer soos God Wil* op elke plaas.

Teenstrydig met wêreldse metodiek en strukture, poog ***AMOS*** om Koninkryks-beginsels toe te pas en organies, in plaas van organisatories, te funksioneer.

In wese beteken ‘n Apostoliese benadering om in verhouding te funksioneer – eerstens met God, dan die mens en dan Sy skepping. Gevolglik is ***AMOS*** se missie stelling herbewoord om te lees:

Die transformasie van die landbou-gemeenskap in Afrika deur die herstel en bou van verhoudings met God, mens en skepping, sodat God se Koninkryk in alles sigbaar sal word.

Die ARBS bestaan uit mense vanoor die hele land wat weet hulle het ’n plaaslike bediening in hulle gemeente of in hulle streek, maar wat ook graag vir ***AMOS*** wil help, hetsy in sy onmiddelike omgewing of in ander dele van die land.

Uit die ARBS word ‘n Amos Bediening Leierskap Span (ABLS) saamgestel.

Nieteenstaande die feit dat ***AMOS*** steeds ‘n Artikel 21-maatskappy is en daar in terme van die Wet ‘n Direksie moet wees, het die ABLS nou die finale gesag en outoriteit oor alle bindende besluite, maar fokus primêr op die geestelike leierskap in Amos.

Uit die ABLS is ’n Direksie aangewys wat hoofsaaklik vir alle administratiewe funksies (onder andere finansiële besluitneming) namens die ABLS verantwoordelik is. Daar is ook is ‘n klein bestuurskomitee (BK) saamgestel om alle strategiese besluite te implementeer. (*Die BK is onder meer verantwoordelik vir die ontwikkeling van alle materiaal, hulpmiddels en raamwerke*).

In teenstelling met normale wêreldse sisteme (waar die wil van sommiges/instansies normaalweg op ander afgedwing/geforseer word) volg die Apostoliese Span ‘n “bottom-up” benadering, met ander woorde diensbaarheid aan die visie en droom wat in plaaslike gemeentes en op indviduele plase in die harte van die mense leef. ***AMOS*** wil dus graag help om elke plaas se droom om te *Leef en Boer soos God Wil* te realiseer.

3. WIE WORD DEUR AMOS GEDIEN?

Suid Afrika se boere gemeenskap verdeel breedweg in:

- groot en gevestigde kommersiële boere,
- kleinskaal kommersiële boere (insluitende die meeste opkomende boere),
- bestaansboere (subsistence farmers).

AMOS vertrou dat die meeste van bogenoemde boere iewers aan ’n gemeente of ’n groep van gelowiges sal behoort. Waar dit wel so is, beoog ***AMOS*** om saam met daardie gemeentes die boere deur middel van ’n dissipelskapsmodel bedien. Waar dit nie moontlik is nie, sal ons die plaas en sy mense afsonderlik bedien.

Die aangehegte skets is ’n voorstelling van al die strategiese, taktiese en operasionele aktiwiteite soos ons graag die betrokkenheid van ***AMOS*** wil verduidelik (ook beskikbaar op www.amosafrica.net/sa)

Uit die Skematiese voorstelling word dit duidelik dat ons onderskeid maak tussen:

- die groter kommersiële boere, wat ons onder Primêre Uitkoms I (PO I) sorteer;
- kleinskaal kommersiële boere (insluitende die opkomende boere) as PO II;
- bestaansboere (PO III);
- projekte (PO IV)

Op hierdie stadium sal Hennie Viljoen omsien na die ontwikkeling van die VIP onder die PO I boere en Piet Dreyer onder die PO II boere.

4. SLOT

In die volgende artikel sal ons ietsie meer sê oor die strategiese vennote waarmee ***AMOS*** hande vat, asook die baie opwindende verhoudingsbou-projek bekend as **Abahlobo** (Buddy Farming).